Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N270**(A)**(J14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5

(4010185)

14 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik slegs die ANTWOORDBOEK wat voorsien word en MOET NIE enige ander ANTWOORDBOEK aanheg by die EEN wat met die vraestel voorsien word nie. Teken alle nodige grootboek- en staatlyne in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.

5. ALLE berekenings moet getoon word vir punte om toegeken te word.

6. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAGNOMMER	PUNTE
AFDELING A	
1	60
TOTAAL	**60**
AFDELING B	
2	28
3	43
4	44
5	25
TOTAAL	**140**
GROOTTOTAAL	**200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Onderverhaling vind plaas wanneer ...

A begrote bokoste meer is as werklike bokoste.
B toegewese bokoste meer is as werklike bokoste.
C werklike bokoste meer is as toegewese bokoste.
D werklike bokoste meer is as begrote bokoste.

1.1.2 EEN van die funksies van 'n onderneming:

A Beplanning
B Beheer
C Administrasie en verkope
D Nie een van bogenoemde.

1.1.3 EEN van die metodes wat vir voorraadevaluering gebruik word:

A Eerste in eerste uit
B Gemiddelde voorraad
C Bestelpunt
D Veiligheidsvoorraad

1.1.4 EEN van die nadele van die stukloonstelsel is dat ...

A die stelsel maklik is om te administreer
B produksie en vergoeding gekoppel is.
C dit tot swak gehalte kan lei.
D Sowel B as C.

1.1.5 EEN van die menslike faktore wat arbeidsproduktiwiteit kan beïnvloed:

A Politieke onrus
B Vereiste produktiwiteit is te hoog vasgestel.
C Weerstoestande
D Daar word van werkers verwag om lang ure te werk.

1.1.6 Die toegepaste vervaardigingsbokoste vir die finansiële tydperk sal in die … ingeskryf word.

A kontantvloeistaat.
B verkoopsrekening.
C inkomstestaat.
D produksiekontrolerekening.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.1.7 Onvoltooide werk beteken …

A werk wat nog nie begin het nie.
B werk wat nog nie goedgekeur is nie.
C werk wat nog in die produksieproses is.
D Nie een van bogenoemde nie.

1.1.8 Korttermynbesluite staan ook bekend as ...

A besluite om 'n nuwe perseel te koop of huur.
B strategiese besluite.
C besluite om nuwe take van die onderneming te open.
D operasionele besluite.

1.1.9 EEN van die bestuursfunksies:

A Beheer.
B Reik salarisstrokies uit.
C Bestel voorraad.
D Betaal personeelsalarisse.

1.1.10 Die netto verlies vir die tydperk word in die … bereken.

A inkomstestaat
B kontantvloeistaat
C produksiekostestaat
D balansstaat

1.1.11 Ledige tyd beteken verlore tyd weens …

A verkeerde produksieprosesse.
B oorproduksie van goedere.
C bottelnek in die produksieproses.
D foutiewe bestelling van materiaal.

1.1.12 Koste- en bestuursrekeningkunde vorm 'n onderlinge skakel tussen finansiële rekeningkunde en ...

A ondernemingsbestuur.
B bestuursrekeningkunde.
C entrepreneurskapsbestuur.
D Nie een van bogenoemde nie.

1.1.13 Veranderlike koste per eenheid …

A daal wanneer produksievlakke styg.
B styg wanneer produksievlakke styg.
C bly onveranderd ongeag veranderings in produksievlakke.
D daal wanneer produksievlakke daal.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.1.14 Wanneer die voorraad hierdie vlak bereik, moet 'n nuwe bestelling in plek wees:

A Maksimumvoorraadpunt.
B Bestelpunt.
C Minimumvoorraadpunt.
D Ekonomiese bestelgroottepunt.

1.1.15 Primakoste bestaan uit …

A vervaardigingsbokoste.
B direkte arbeid.
C direkte materiaal.
D Sowel B as C.

1.1.16 Voorraadhoudingskoste …

A verwys na die verlies aan produktiwiteit weens gebrek aan materiaal.
B is die koste om die bestelling te plaas.
C is die koste aangegaan om die materiaal te berg.
D Sowel A as B.

1.1.17 Die verskillende maniere waarop kostedata verwerk en geëvalueer word, staan bekend as ...

A kostestelsels.
B finansiële rekeningkunde.
C taakkosteberekening.
D koste- en bestuursrekeningkunde.

1.1.18 Die grootte van die bergingsfasiliteite word bepaal deur die … te bereken.

A minimum voorraad
B bestelpunt
C maksimum voorraad
D ekonomiese bestelgrootte

1.1.19 Produksie behels die omskakeling van … in voltooide produkte.

A direkte arbeid
B direkte materiaal
C indirekte materiaal
D produksie-elemente

1.1.20 Die maandelikse huurgeld van R12 300 vir 'n fotostaatmasjien is 'n … koste.

A veranderlike
B proses-
C vaste
D geleentheids-

Downloaded from www.mycourses.co.za

(20 × 2) (40)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Indirekte arbeid	A	salarisse van produksiewerkers
1.2.2	Veiligheids-voorraad	B	voorsien inligting wat vir die maatskappy se aandeelhouers van belang is
1.2.3	Leiding	C	is die vasstelling van doelwitte en die planne om die doelwitte en doelstellings te bereik
1.2.4	Omskakelingskoste	D	verseker dat produksie kan voortgaan selfs as word materiaal nie binne die besteltyd afgelewer nie
1.2.5	Finansiële rekeningkunde	E	salaris van die produksiebestuurder
		F	is die vaardigheid om mense te beïnvloed en motiveer om saam te werk
		G	direkte arbeid wat by vervaardigingsbokoste getel word

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die gebruik van voorafbepaalde bokoste-tariewe maak dit onnodig om werklike vervaardigngsbokoste gedurende 'n finansiële tydperk op te loop.

1.3.2 Volgens die geweegde-gemiddeldemetode van voorraad-waardasie, word materiaal wat eerste ontvang word, eerste uitgereik.

1.3.3 Vaste koste per eenheid bly onveranderd ongeag veranderings in die volumes wat geproduseer word.

1.3.4 Die klokkaart word gebruik om inligting te verkry oor die werklike ure wat deur elke werknemer gewerk is.

1.3.5 Die term geïntegreerde rekeningkunde verwys na 'n enkele rekeningkundige stelsel, wat die finansiële en kosterekeninge insluit.

(5 × 2) (10)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die volgende inligting is uit die boeke van Lucky Manufacturers geneem:

PRODUKSIESKEDULE VIR DIE MAANDE JUNIE, JULIE EN AUGUSTUS 2017

Eenhede geproduseer	1 500	2 500	3 500
	R	R	R
VASTE KOSTE			
Fabrieksversekering	(2.1.1)	(2.1.2)	1 350
Depresiasie: Masjinerie	(2.1.3)	3 000	(2.1.4)
Fabriekshuurgeld	4 000	(2.1.5)	(2.1.6)
Instandhouding: Masjinerie	(2.1.7)	1 000	(2.1.8)
Totale vaste koste	9 350		
VERANDERLIKE KOSTE			
Materiaal (grondstowwe)	3 000	(2.1.9)	(2.1.10)
Fabriek: Elektrisiteit	(2.1.11)	4 000	(2.1.12)
Indirekte arbeid	(2.1.13)	(2.1.14)	10 500
Indirekte materiaal	6 000	(2.1.15)	(2.1.16)
Totale veranderlike koste	(2.1.17)		
Totale koste	(2.1.18)		
Vaste koste per eenheid	(2.1.19)		
Veranderlike koste per eenheid	(2.1.20)		

VERLANG:

Bereken die waardes genommer (2.1.1–2.1.20). Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK. (20)

2.2 Die bestuur van Nonza Bpk het die volgende lede:

Direksie	
Bestuursrekenmeester	S Naicker
Produksiebestuurder	N Venter
Hoof uitvoerende beampte	D Jojo
Finansiële bestuurder	E Koos
Menslikehulpbronbestuurder	N Hilton
Finansiële rekenmeester	K Mbhele
Toesighouer: Produksiedepartement	P Thuly

VERLANG:

Stel 'n organogram van Nonza Ltd op, waarin jy die naam en posisie van die persoon in elke posisie aantoon. (8)

[28]

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

VRAAG 3

3.1 Loraines Limited besit 'n onderneming wat rekenaarlessenaars produseer. Twee vierkante meter hout word gebruik om een lessenaar te vervaardig. Die maksimum produksie per jaar is 90 000 lessenaars, terwyl die minimum produksie per jaar 75 000 lessenaars is. Dit kos R65 om 'n bestelling te plaas. Die maksimum besteltyd is drie weke en die minimum besteltyd is twee weke. Die fabriek werk 50 weke per jaar. Die voorraadhoudingskoste per eenheid is gelyk aan 10% van die voorraadkoste per vierkante meter. Hout verhandel tans teen R850 per vierkante meter.

VERLANG:

3.1.1 Bereken die bestelpunt. (6)

3.1.2 Bereken die ekonomiese bestelgrootte. (9)

3.1.3 Bereken die maksimum voorraad (5)

3.2 Die volgende inligting vir Taak 9 is verkry uit die rekords van Bimbos Limited vir die maan geëindig 30 November 2016.

Inligting met betrekking tot Taak 9

Aantal werknemers	3 werknemers
Begrote arbeidsure	8 uur per dag
Aantal dae	21 werksdae
Begrote produksie	100 stoele
Werklike produksie	Taak 9 is voltooi

Die volgende ure is gedurende November 2016 geklok:

Z.Tshetu	18 dae @ 8 ure (3 dae siekverlof)
P.Faku	22 dae @ 8 ure
L.Van der Wyk	22 dae @ 8 ure

VERLANG:

3.2.1 Stel 'n produksieverslag op wat die opgetekende produktiwiteit aantoon. (15)

3.2.2 Noem TWEE menslike faktore wat arbeidsproduktiwiteit beïnvloed (4)

3.2.3 Noem TWEE eksterne faktore wat arbeidsproduktiwiteit beïnvloed. (4)
[43]

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

VRAAG 4

Hier onder is inligting wat uit die rekeningkundige rekords van Mavesh Lane Production Company vir die jaar geëindig 30 November 2017 verkry is:

	VOORRAAD	
	1 Desember 2016	**30 November 2017**
Materiaal (grondstowwe)	70 000	50 000
Onvoltooide werk	51 000	40 000
Voltooide goedere	37 000	27 100
Debiteurekontrole	40 000	20 000
Verbruiksgoedere	10 000	8 000

TRANSAKSIES:

Materiaal (grondstowwe) op krediet gekoop	770 000
Materiaal aan die fabriek uitgereik	?
Indirekte materiaal na die fabriek oorgeplaas	25 000
Materiaal teruggestuur na verskaffers op krediet gekoop	30 000
Verkoopsinkomste	3 357 000
Administratiewe salarisse	130 000
Direkte arbeid	1 005 000
Verkoopskommissie betaal	40 000
Produksietoesighouer se salaris	92 000
Depresiasie op aanleg en masjinerie	70 000
Depresiasie op kantoortoerusting	90 000
Aanleg- en masjinerie-instandhouding	110 000
Aanleg: water en elektrisiteit	150 000
Kantoorinstandhouding	30 000
Huur van produksietoerusting	80 000
Huur van kantoortoerusting	63 000

Bokoste word toegepas teen 50% van direkte-arbeidskoste.

VERLANG

Stel die volgende grootboekrekenings in die geïntegreerde rekeningkundige stelsel op:

4.1 Materiaalkontrolerekening (8)

4.2 Produksiekontrolerekening (8)

4.3 Voltooidegoedere-kontrolerekening (5)

4.4 Koste van verkope (3)

4.5 Vervaardigingsbokoste (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.6 Handelsrekening (3)

4.7 Wins-en-verliesrekening (7)
[44]

VRAAG 5

Die volgende inligting het in die proefbalans van TOTY Ltd op 31 Maart 2017 verskyn.

	Voorraad	
	1 Februarie 2016	**31 Maart 2017**
Materiaalkontrole	85 000	45 000
Onvoltooide werk	44 000	32 000
Voltooide goedere	36 000	18 000

Transaksies vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

Materiaal by krediteure gekoop	555 000
Indirekte materiaal na die fabriek oorgeplaas	88 000
Materiaal (grondstowwe) aan die verskaffer teruggestuur	15 000
Verkope van voltooide goedere	940 000
Direkte lone betaal	440 000
Fabriekshuurgeld	146 000
Salaris: Produksiebestuurder	236 000
Salaris :Verkoopsbestuurder	388 000
Teruggehoue wins	420 000
Aandelekapitaal	880 000
Debiteurekontrole	98 000
Opgelope depresiasie: Fabriekstoerusting	64 000
Fabriekstoerusting	340 000

Bykomende inligting:

- Vervaardigingsbokoste wat gedurende die finansiële jaar verhaal is, bedra R656 000.
- Depresiasie van R45 000 moet op fabriekstoerusting afgeskryf word.

VERLANG:

5.1 Stel 'n Produksiekostestaat op die jaar geëindig 31 Maart 2017. (20)

5.2 Bereken die koste van goedere verkoop vir die jaar geëindig 30 Junie 2016. (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou